AHI - BLOEMFONTEIN

(vrywillige organisasie sonder winsbejag)

(tot stand gekom volgens grondwet gedateer 6 Februarie 2007)

FINANSIëLE JAARSTATE

28 FEBRUARIE 2009

FINANSIëLE JAARSTATE

VIR DIE JAAR GEëINDIG OP 28 FEBRUARIE 2009

INHOUD **Bladsy**

Entiteit inligting	2
Voorsitterverslag	3 - 8
Bestuursverklaring	9
Bestuursverslag	10
Verslag van die onafhanklike ouditeure	11
Balansstaat	12
Inkomstestaat	13
Staat van verandering in ekwiteit	14
Kontantvloeistaat	15
Rekeningkundige beleid	16 - 17

ALGEMENE INLIGTING

VIR DIE JAAR GEëINDIG OP 28 FEBRUARIE 2009

ENTITEIT INLIGTING:

Tot stand gekom:	Grondwet gedateer 6 Februarie 2007 Vrywillige organisasie sonder winsbejag
Kontakbesonderhede:	Web bladsy: www.ahi-bloemfontein.co.za Epos: ahi-bloemfontein@shisas.co.za Tel: (051) 447 0463 Faks: 0866 957 523
Ouditeure:	Havenga Rossouw Viljoen Bloemfontein
Bankiers:	ABSA Bank
Bestuur: (Dagbestuur):	Voorsitter: Rothea van Biljon Ondervoorsitter: André vd Berg (Dr) Sekretaris: Wilna Richter Tesourier: Louis Rossouw
Bestuur:	Anton van Niekerk Basie Wessels (Prof) Callie van der Merwe Garth van Gensen Henry Böning Johan Hattingh Sarita Venter Steyn Strauss Willem Britz

AHI BLOEMFONTEIN

VOORSITTERS VERSLAG – 16 APRIL 2009

Rothea van Biljon

Dit is vir my 'n voorreg om aan die einde van die tweede bestaansjaar van AHI Bloemfontein die voorsittersverslag aan u voor te hou. AHI Bloemfontein is gestig op 6 Februarie 2007, dus slegs 2 jaar oud

Die bestuur van AHI Bloemfontein vir die termyn 2008/2009 was saamgestel uit die volgende persone:

- Rothea van Biljon - Jenwil Bluestar Finansiële dienste – Voorsitter
- Dr André van der Berg – SUT– Onder-voorsitter
- Louis Rossouw - PricewaterhouseCoopers – Tesourier
- Wilna Richter – Volksblad - Sekretaris
- Dawie Laas - Oranje Toyota
- Steyn Strauss - Naudes Prokureurs
- Prof Basie Wessels - MUCPP
- Willie Vosloo - PCL Ontwikkelaars
- Willem Britz - Willem Britz Makelaars
- Sarita Venter - GESA
- Anton van Niekerk - Sanlam
- Henry Böning - Henry Böning Ingenieurs
- Johan Hattingh - SUT
- Dr Garth van Gensen – SUT

Prof Deon de Beer was ook lid van AHI Bloemfontein, maar het ongelukkig verhuis na Gauteng en hy is nie meer deel van AHI Bloemfontein se bestuur nie.

Soos in verlede jaar se Voorsitters-verslag genoem is, was dit ons doelwit om gedurende die eerste jaar van van ons bestaan, AHI Bloemfontein te vestig as 'n organisasie wat waarde kan toevoeg tot die sakegemeenskap en wat respek sal afdwing. Een van ons doelwitte vir die tweede bestaansjaar was om te verseker dat AHI Bloemfontein deel sal vorm van die besluitnemings proses in die stad wanneer plaaslike regering belangrike besluite neem. Ons het wel vordering gemaak in die proses, maar nie soos wat ons graag sou wou nie.

Ons doelwit bly nog steeds om samewerking tussen ons en plaaslike en provinsiale owerhede te bewerkstellig. Daar is veral twee sake wat dringende aandag vereis en die eerste een is waar verskaffers aan Regerings-instellings nie binne 30 dae betaal word nie. Saam met Volksblad is die afgelope twee weke navraag gedoen en daar is vasgestel dat sommige verskaffers al sedert September 2008 vir betaling wag. Dit is totaal onaanvaarbaar en doen die verskaffer en die ekonomie van die Vrystaat groot skade aan.

Die tweede saak wat dringende aandag vereis is die feit dat aansoeke om dorpstigting, hersonerings en onderverdelings soms meer as ‘n jaar neem om goedgekeur te word. Dit het tot gevolg dat miljoene Rande die stad en provinsie uitvloei, want beleggers besluit om hul geld elders te gaan belê as gevolg van die feit dat goedkeuring so lank neem en hulle min of geen samewerking en ondersteuning van owerhede ontvang nie.

AHI Bloemfontein is tans in ‘n onderhandelingsproses met ‘n bekende besigheids-groep in Bloemfontein om ‘n paneel van deskundiges saam te stel om tenders vir nuwe ontwikkelings te hanteer. Uit die aard van die saak sal tenders slegs toegeken word aan lede van AHI Bloemfontein. Dit beklemtoon die feit dat AHI Bloemfontein baie sterk voel oor plaaslike ondersteuning tussen lede.

Daar is so ‘n wye spektrum van sake wat dringend aandag moet geniet binne AHI Bloemfontein dat dit welliswaar ‘n voltydse betrekking regverdig. AHI Bloemfontein kan baie trots wees op die vordering, suksesse en hoogtes wat ons bereik het gedurende die afgelope twee jaar, maar die vertroue en geloofwaardigheid gaan lê in wat ons van nou af vorentoe gaan vermag. Dit is ‘n moeilike pad om ‘n nuwe organisasie te vestig, maar ook tog relatief maklik want daar word hoogtes bereik waarop geroem kan word. Die belangrike deel is egter nou om die momentum te behou en verder daarop voort te bou. Die enigste manier om dit te bereik is deur ‘n aktiewe en entoesiastiese bestuur wat verantwoordelikheid aanvaar vir take aan hulle opgedra. Wat pertinent hiermee saamhang is die betrokkenheid van elke lid op die gebied van sy of haar vakgebied. Dit verduidelik sekerlik ook die rede waarom die Grondwet verander moet word om meer persone op die bestuur te kan akkommodeer.

Die rol van AHI Bloemfontein is baie belangrik in hierdie ekonomiese tye waarin ons ons bevind. Die geleenthede, voorspoed en ontwikkeling van ons lede en hulle besighede is eerste prioriteit. Ek wil dus die wens uitspreek dat die persone wat vanaand tot die bestuur verkies word werklik ‘n passie sal hê vir AHI Bloemfontein en die verantwoordelikheid vir hulle posisie sal besef en ‘n positiewe bydrae sal lewer.

Baie dankie aan elkeen wat lid geword het van AHI Bloemfontein gedurende die afgelope jaar. U het vertroue in ons getoon en ons ondersteun, en dit word opreg waardeer. Baie dinamiese firmas het hulle by AHI Bloemfontein aangesluit en dit toon dat sakelui vertroue het in AHI Bloemfontein.

Ons het verskeie ledevergaderings aangebied tydens die afgelope finansiële jaar. Ek lig enkele hoogtepunte uit:

- Stadstoer met besoeke aan nuwe ontwikkelings en eindbestemming ‘n besoek aan Avalon Memoriam, wat afgesluit is met ‘n heerlike kuier;
- Koop Plaaslik – Kloppers en Samba, bekende en gevestigde name in Bloemfontein was die sprekers;
- Tydens die jaarlikse Volksblad Kunstefees het ons ‘n besoek gebring aan die Volksblad tent en het ‘n wonderlike netwerk aand geniet;
- Gedurende Oktober 2008 het AHI sy jaarlikse dinee aangebied, waarvan Vodacom die hoofborg was. Frans Stroebel was die gasspreker en Venete Klein, op daardie stadium die nuutverkose President van AHI was ‘n eregas;
- ‘n Opvolgvergadering is gehou oor die huidige stand van sake betreffende elektrisiteitsvoorsiening. Eskom was een van die borge. Behalwe vir Eskom se bydrae het ‘n woordvoerder van Mimosa Mall ook ‘n bydrae gelewer oor die geweldige groot energie besparing wat hulle bewerkstellig het deur doeltreffende beplanning van die hele sentrum;
- Gedurende November is ‘n rolbaldag aangebied waartydens sake-ondernemings mekaar kon uitdaag. Dit was ‘n reuse sukses en sal verseker ‘n jaarlikse instelling word;
- Ons jaarlikse prestige begrotings-vergadering was soos gewoonlik ‘n baie groot sukses. PriceWaterhouseCoopers was weereens die hoofborg en meer as 150 persone het dit bygewoon met Prof Helena van Zyl, Dr Danie Strauss en Gert Nel as sprekers; en laastens
- Gedurende Maart 2009 het ons ‘n ledevergadering oor die nuwe wetgewing met betrekking tot Swart Ekonomiese Bemagtiging aangebied, waarvan Naudes Prokureurs die hoofborg was.

Ander projekte waarby ons deur die loop van die jaar betrokke was:

- Lede van die Indonisiese konsulaat het lede van die bestuur besoek en daar is onderhandel oor samewerking op gemeenskaplike vlakke.
- Verskeie onderhandelinge het plaasgevind tussen SUT en AHI Bloemfontein oor samewerking tussen die twee instansies. Daar is tans onderhandelinge en navorsing in proses oor ‘n moontlike ontwikkeling op ‘n terrein van SUT. Die moontlikheid bestaan dat indien die ontwikkeling plaasvind dit hoë standaard kongresfasiliteite, ‘n hotel- en filmskool sal bevat.
- Lede is aangemoedig om deel te neem aan die internasionale “Earth Hour” wat ‘n geweldige impak op die omgewing het., AHI Bloemfontein is ook op die internasionale webblad geregistreer as ‘n instansie wat deelgeneem het aan vanjaar se “Earth Hour” en ‘n bydrae gelewer het tot die behoud van ons kosbare planeet.

- AHI Bloemfontein was konstant, deur die loop van die jaar, betrokke by al die probleme in verband met vlugte by Bloemfontein Lughawe. Drie lede van die topstruktuur van SA Express het Bloemfontein besoek om samesprekings te voer met die Bestuur van AHI Bloemfontein. Na opvolg samesprekings is besluit om ‘n “Airports Liaison Committee” in die lewe te roep waarop al die lugrederye (wat Bloemfontein aandoen) sitting het sowel as AHI Bloemfontein, BCCI en verskeie reisagente. Die komitee kom maandeliks bymekaar om probleme te hanteer.
- Verskeie bestuurslede asook lede het die Nasionale AHI Kongres gedurende September in Sun City bygewoon. Tydens die kongres is ekself tot die Hoofbestuur van AHI verkies.
- As deel van die Hoofbestuur van AHI was ek lid van die afvaardiging wat gedurende Desember 2008 Luthili Huis, die ANC se hoofkantoor in Johannesburg besoek het. Ons het samesprekings gevoer met die Uitvoerende Bestuur van die ANC. Tydens die samesprekings is daar reguit gepraat oor die probleme in die land. Na afloop van die samesprekings het die Minister van Plaaslike Owerheid en die AHI baie nou saamgewerk om van die probleme aan te spreek. AHI het 3 gebiede uitgesonder waar hulle persoonlik by betrokke is om dienste te verbeter. Dit is ‘n geweldige taak, maar die positiewe hiervan is, is dat AHI daarin kon slaag om samewerking met die regering te kon bewerkstellig.

Uitdagings vir die volgende jaar:

- AHI Bloemfontein het die voorreg om die Nasionale Kongres van die AHI vanjaar in Bloemfontein aan te bied en wel op 2 en 3 September by Ilanga Estate. Dit is vir ons ‘n baie groot geleentheid en ons vertrou werklik dat ons lede dwarsoor die Vrystaat die geleentheid baie goed sal ondersteun. Dit is ‘n gulde geleentheid vir ons om ‘n bydrae te kan lewer tot ons stad en provinsie se ekonomie.
- Die Blitspatrollie het ons gedurende 2008 genader om hulle behulpsaam te wees. Die Blitspatrollie se standplaas is in ‘n gehawende toestand en die personeel se moraal is baie laag. Verskeie samesprekings is al gehou en die Bestuur het op 14 April 2009 ‘n finale plan van aksie saamgestel hoe AHI Bloemfontein betrokke gaan raak. Ons beoog om op Saterdag, 9 Mei bymekaar te kom en ‘n begin te maak om die gebou uit te verf. Volksblad het ‘n span vrywilligers wat hulle beskikbaar gestel het om ook behulpsaam te wees. Volledige besonderhede sal spoedig aan alle lede deurgestuur word om ook betrokke te raak by die projek. Hierdie is ‘n saak wat ons almal direk raak en die geringste bydrae kan ‘n geweldige verskil maak aan die Blitspatrollie-personeel se werksomstandighede.
- In die huidige ekonomiese toestand is daar groot uitdagings vir AHI Bloemfontein. Meer as ooit moet ons fokus om mekaar te ondersteun en heelwaarskynlik nie net finansieël deur van mekaar se dienste en produkte aan te koop nie, maar ook emosioneel. Van ons ondernemings gaan deur ‘n baie moeilike tyd en ons hoor gereeld van afleggings.

Wat kommunikasie met lede en die publiek aanbetref was dit ‘n baie suksesvolle jaar. Tydens verlede jaar se Jaarvergadering het Bloemnuus die samewerking tussen AHI Bloemfontein en hulself bekend gestel. Weekliks verskyn AHI Bloemfontein se rubriek, naamlik Bloembiz. Dit is ‘n reuse sukses en ons kry geweldig baie reaksie vanaf die publiek oor die kwaliteit van die inhoud. Die projek gaan voort en ons is baie trots op die samewerking met Bloemnuus.

Ons elektroniese Nuusbrief het maandeliks verskyn en word nog altyd baie goed deur lede ontvang.

Ons webblad is nog steeds ‘n baie groot wenner en die kwaliteit van inligting en artikels wat gereeld opgedateer word is vir lede van baie groot waarde. Ons kry ook baie reaksie van buite persone wat op die webblad gaan rondkuier.

Ek wil my bestuur van harte bedank vir die jaar wat verby is. ’n Woord van dank uit my hart uit aan elke bestuurslid. Baie dankie vir julle tyd, entoesiasme, ondersteuning en geloof in die saak. Ek weet julle glo net soos ek dat AHI Bloemfontein nog een van die top sakekamers in die land gaan wees. Dit sal vir my persoonlik ’n heuglike dag wees wanneer ons bydrae tot die ekonomie van Bloemfontein en die Vrystaat sulke afmetings aanneem dat ons nie meer die armste provinsie in die land is nie. Ons strewe is om werksgeleenthede te skep om so armoede te verlig en die lewensomstandighede te verbeter van almal in ons streek.

Ek wil tog in besonder die dagbestuur nl, Dr André van den Berg, Louis Rossouw en Wilna Richer bedank vir hulle harde werk. Sonder hulle sou dit nie moontlik gewees het om al die punte bymekaar te kry nie.

Graag wil ek vir Coenie Nolte baie dankie sê vir al die tyd en moeite wat hy ingesit het om AHI Bloemfontein professioneel aan die sakegemeenskap te kon verkoop. U sal ook in die volgende maande die professionele uitnodigings van die Nasionalke kongres ontvang wat Coenie se handewerk sal wees.

Woord van dank aan almal by AHI Nasionaal. Die puik professionele diens wat ons vanaf dag een van hulle ontvang het, het ons taak baie makliker gemaak. In besonder dan ook vir Mike Ritter wat AHI Bloemfontein altyd getrou ondersteun en raad gee waar ons dit benodig.

Sonder die media kan AHI Bloemfontein natuurlik nie voortbestaan nie en speel die blootstelling wat ons geniet ‘n geweldige groot rol. Baie dankie aan Media 24 en in besonder Sake 24 en by monde Vida Booysen. Vida baie dankie dat jy altyd daar is as ons op jou knoppie druk en dat jy so ‘n groot bydrae lewer tot die sakegemeenskap en dan natuurlik dat jy in AHI Bloemfontein glo. Baie dankie aan Ben Burger en sy span van Bloemnuus vir die blootstelling wat julle aan ons gee en ook vir Ons Stad, Radio Rosestad en OFM.

Ek kan nie nalaat om my eie gesin ook te bedank vir hulle ondersteuning nie. Dit gebeur dikwels dat ek saans laat by die huis kom as gevolg van Kamer verpligtinge. Sonder hulle begrip en ondersteuning sou dit nie vir my moontlik gewees het om ’n bydrae te kon lewer tot AHI Bloemfontein nie.

Gun my die geleentheid om vir u die lede baie dankie te sê vir die voorreg wat ek gehad het om die afgelope twee jaar as voorsitter van AHI Bloemfontein ons lede, die stad en sy gemeenskap van diens te kon wees. Dit was vir my ‘n ongelooflike voorreg en ek glo absoluut dat AHI Bloemfontein ‘n baie groot rol het om te speel op verskeie gebiede. Ek wil my Hemelse Vader bedank vir die krag en leiding wat ek daagliks ontvang het om hierdie bevoorregte posisie met oorgawe te kon volstaan. Dit was verseker nie elke dag maklik nie, sommige lede van die kamer en lede van die publiek is soms onder die indruk dat om voorsitter van AHI Bloemfontein te wees jou voltydse beroep is. In hierdie moeilike ekonomiese tye wat ons die afgelope agtien maande beleef het was dit moeilike tye binne my eie beroep en moes ek baie tyd aan veral my beleggings-kliënte spandeer. Gelukkig het ek altyd die krag ontvang om die balans te kon handhaaf.

Ek wil afsluit deur AHI Bloemfontein ‘n wonderlike en voorspoedige jaar toe te wens en vertrou dat die organisasie slegs van krag tot krag sal gaan.

Me Rothea van Biljon

Voorsitter: Termyn 2008 – 2009

16 April 2009

VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE BESTUUR

VIR DIE JAAR GEëINDIG OP 28 FEBRUARIE 2009

Die bestuur is verantwoordelik vir die instandhouding van toereikende rekeningkundige rekords, die voorbereiding en die integriteit van die finansiële state en verbandhoudende inligting. Verslagdoening oor die redelike aanbieding van die finansiële state is die verantwoordelikheid van die ouditeure. Die finansiële state is opgestel in ooreenstemming met die AHI-Bloemfontein se rekeningkundige beleid.

Die bestuur is ook verantwoordelik vir die AHI-Bloemfontein se stelsel van interne finansiële beheer. Hierdie kontroles is ontwerp om redelike, maar nie absolute gerusstelling nie, te bied oor die betroubaarheid van die finansiële state, toereikende beskerming en instandhouding van die rekenpligtigheid van bates te bied en om wanvoorstelling en verliese te voorkom en op te spoor. Geen aangeleenthede het onder die aandag van die bestuur gekom wat 'n wesenlike tekortkoming in die funksionering van hierdie kontroles, prosedures en stelsels gedurende die jaar onder oorsig, mag aandui nie.

Die finansiële state is opgestel op 'n lopende saak grondslag, aangesien die bestuur elke rede het om te glo dat die AHI-Bloemfontein voldoende hulpbronne in plek het om aan te gaan met besigheid vir die afsienbare toekoms.

Die finansiële state is geouditeer deur die onafhanklike ouditeure, Havenga Rossouw Viljoen, wat onbeperkte toegang verleen is na al die finansiële rekords en verwante data, insluitende notules van alle bestuurs- en ledevergaderings. Die bestuur glo dat al die verklarings wat tydens die oudit aan die onafhanklike ouditeure gemaak is geldig en toepaslik was. Die ouditeursverslag van Havenga Rossouw Viljoen word aangebied as deel van die finansiële jaarstate.

VOORSITTER TESOURIER

14 April 2009

BESTUURSVERSLAG

VIR DIE JAAR GEëINDIG OP 28 FEBRUARIE 2009

Die bestuur se jaarverslag, wat deel vorm van die geouditeerde finansiële state van die AHI-Bloemfontein vir die jaar geëindig 29 Februarie 2009, word hieronder aangebied.

Algemene oorsig

1 Daar was geen verandering in die aard van die AHI-Bloemfontein se besigheid gedurende die jaar onder oorsig nie. Die huidige hoofbesigheid van die AHI-Bloemfontein is die bevordering van sakegeleenthede in en om Bloemfontein en bevordering van lede se besigheidsaktiwiteite.

2 Die AHI-Bloemfontein se aktiwiteite sedert tot-stand-koming tot 29 Februarie 2009 word in hierdie finansiële jaarstate weerspieël.

Oorsig van bedrywighede en finansiële posisie

3 Die resultate van die jaar se werksaamhede word volledig uiteengesit in die finansiële state. Geen ander wesenlike feit of omstandigheid wat nodig is vir 'n begrip van die toestand van die AHI-Bloemfontein se sake, wat vermelding verdien, bestaan nie.

Bestuur

4 Die huidige bestuur van die AHI-Bloemfontein is uiteengesit op bladsy 2.

5 Geen vergoeding vir bestuurslede is betaal of word voorgestel nie.

Ouditeure

6 Havenga Rossouw Viljoen word voorgestel om voort te gaan om as ouditeure op te tree.

BALANSSTAAT

OP 28 FEBRUARIE 2009

	2009 R	2008 R
BATES		
Bedryfsbates		
Kontant in bank en voorhande en ander bedrae ontvangbaar	**29 023**	**10 559**
Totale bates	**29 023**	**10 559**
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE		
Reserwes (Opgelope Inkomste)	**29 023**	**10 559**
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	**29 023**	**10 559**

AHI - Bloemfontein

INKOMSTESTAAT

VIR DIE JAAR GEëINDIG OP 28 FEBRUARIE 2009

	2009 R	2008 R
Inkomste		
Netto oorskot uit Ledegelde	**34 100**	**20 100**
Ledegelde ontvang	**45 800**	**25 300**
Affiliasie gelde betaal vir lede by die nasionale AHI	**(11 700)**	**(5 200)**
Netto oorskot uit Ledevergaderings	**6 940**	**9 431**
Bywoningsgelde en borgskappe vir ledevergaderings	**65 823**	**64 835**
Uitgawes tov ledevergaderings	**(58 883)**	**(55 404)**
Ander inkomste		
Advertensie inkomste	**785**	**-**
Totale inkomste	**41 825**	**29 531**
Uitgawes	**(23 362)**	**(18 972)**
Bankkoste	**(3 340)**	**(1 864)**
Bemarkingskoste: Bylae in Volksblad	**-**	**(8 778)**
Bywoning van nasionale AHI kongres	**(6 925)**	**(3 800)**
Bywoning van nasionale AHI hoofbestuurvergaderings	**(1 977)**	**-**
Honorarium vir administratiewe hulp	**(5 940)**	**(4 000)**
Oudit - 2008	**(2 280)**	
Webbladsy	**(2 900)**	**(530)**
Netto oorskot vir die jaar	**18 464**	**10 559**

Voorsiening vir Ouditeursfooie (2009) en uitgawes vir die jaarvergadering van 16 April 2009 is nie hierin vervat nie, aangesien dit tot datum van dié state nie finaal bepaal en betaal is nie.

STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

VIR DIE JAAR GEëINDIG OP 28 FEBRUARIE 2009

	2009 R	2008 R
Opgelope inkomste	**29 023**	**10 559**
Beginsaldo	**10 559**	**-**
Netto oorskot vir die jaar	**18 464**	**10 559**

KONTANTVLOEISTAAT

VIR DIE JAAR GEëINDIG OP 28 FEBRUARIE 2009

	2009 R	2008 R
Bedryfsaktiwiteite		
Kontant invloei/(uitvloei) uit bedryfsaktiwiteite	18 464	10 559
Kontant ontvang vanaf lede	112 408	90 135
Kontant betaal aan verskaffers	(93 944)	(79 576)
Netto kontant verkry/(betaal) uit bedryfsaktiwiteite	18 464	10 559
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	18 464	10 559
Kontant in bank en voorhande		
Aan die begin van die jaar	10 559	-
Aan die einde van die jaar	29 023	10 559

AHI - Bloemfontein

AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIëLE JAARSTATE

28 FEBRUARIE 2009

---

1 **Rekeningkundige beleid**

Die hoofrekeningkundige beleid van die AHI-Bloemfontein word hieronder uiteengesit:

1.1 **Basis van voorbereiding**

Die finansiële state is voorberei volgens die AHI-Bloemfontein se rekeningkundige beleid.

1.2 **Belasting**

Geen voorsiening vir Suid-Afrikaanse normale lopende belasting is gemaak nie, aangesien die AHI-Bloemfontein 'n nie-winsgewende organisasie is en aansoek gedoen het vir vrystelling van belasting ingevolge artikel 10 (1) (d) van die Inkomstebelastingwet.

1.3 **Kontant en kontantekwivalente en bedrae ontvangbaar**

Kontant en kontantekwivalente word gedra teen koste en nominale waarde in die balansstaat. Vir die doeleindes van die kontantvloeistaat, bestaan kontant- en kontantekwivalente uit kontant voorhande, deposito's gehou by banke, ander korttermyn, hoogs likiede beleggings met oorspronklike vervaldatums van drie maande of minder en bankoortrekkings. In die balansstaat word ander bedrae ontvangbaar en bedrae betaalbaar tot datum van goedkeuring van die state ingesluit by Kontant in bank en voorhande en ander bedrae ontvangbaar.

1.4 **Inkomste-erkenning**

Ledegelde verteenwoordig bedrae ontvang vanaf lede van die AHI-Bloemfontein en word erken in die tydperk waarop dit van toepassing is en wanneer die werklik ontvang word.

Borgskappe en bywondingsgelde vir ledefunksies (insluitend lede-ontbyte, golfdae, dinee en ander aktiwiteit deur die AHI-Bloemfontein) verteenwoordig bedrae ontvang vanaf lede en nie-lede van die AHI-Bloemfontein wat hierdie aktiwiteite borg en/of bywoon en word erken in die tydperk waarop dit van toepassing is en wanneer die werklik ontvang word.

1.5 **Uitgawe-erkenning**

Uitgawes verteenwoordig bedrae betaal of betaalbaar deur die AHI-Bloemfontein vir dienste deur derde partye gelewer aan die AHI-Bloemfontein en word erken in die tydperk waarop dit van toepassing is.

Affiliasie gelde betaal vir lede by die nasionale AHI verteenwoordig bedrae betaal of betaalbaar deur die AHI-Bloemfontein as 'n vasgestelde bedrag per lid van die AHI-Bloemfontein en word erken in die tydperk waarop dit van toepassing is.